

Is die Here by ons of nie?

In [Eksodus 17:7](#) vra die Israeliete hierdie vraag aan Moses op 'n stadium toe hulle geen water gehad het nie. Hulle kinders kerm, die diere ly, en hulle wil dan by Moses weet: Waar is God, nou dat ons Hom nodig het?

Dis nie 'n vreemde vraag nie. Op 'n manier het ons almal seker al dié vraag gevra. Jy vra dit natuurlik nie as dit met jou goed gaan nie. Dan is dit maklik om in God se sorg en teenwoordigheid in jou lewe te glo. Maar as die probleme opduik, as daar siekte of hartseer en teleurstelling oor jou pad kom, as jou geldsake beroerd is, as jy in die noute is en jy bid en bid en bid, maar dit lyk nie vir jou of daar uitkoms is nie, dán begin jy hierdie soort vraag vra: Is die Here by ons of nie?

Moses se antwoord is verrassend. Hoor wat sê hy vir die Israeliete in vers 2: “Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?”

Op die oog af klink dit na 'n harde, onsimpatieke antwoord. Ek bedoel, die mense is sonder water in die woestyn! Dit laat my dink aan die woorde van die Here Jesus toe die dissipels op die stormsee Hom wakker gemaak het en gevra het of Hy dan nie omgee dat hulle vergaan nie. Toe verwyt die Here hulle en vra waar hulle geloof dan is ([Mark 4:35-41](#)).

Daar is tye dat ons troos nodig het. Maar daar is ook tye wanneer 'n mens eenvoudig die stang moet vasbyt en ophou sê: “Ag, arme ek.” Wanneer jy moet wegkyk van jouself en jou probleme en leer om dieper te kyk, verder te kyk, en God se genadige sorg raak te sien. Sy sorg lyk nie altyd soos dit wat ons wil hê nie. Sy sorg is nie altyd 'n oase in die woestyn nie. Sy sorg loop soms deur 'n droë land, en laat jou smag. Paulus skryf daarvan in [2 Kor 12:7-10](#), waar hy praat van die doring in sy vlees, en hoe hy met God daarvoor geworstel het. En God se antwoord (vers 9) klink ook nie te simpatiek nie: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.”

God se genade lê dikwels vir ons en wag midde-in die tye van swaarkry. Dis nie omdat Hy weg is of nie omgee nie, maar omdat Hy met ons op pad is, dat ons paaie soms deur die donker dieptes loop, soos Dawid in [Ps 23:4](#) bely.

Daar was natuurlik een situasie waarin God régtig weg was. Daarom kerm Jesus aan die kruis ([Mark 15:34](#)): “My God, my God, waarom het U my verlaat?” Die

Nagmaalsformulier verduidelik dit dat Hy van God verlaat is, sodat ons nooit weer van God verlaat sou word nie.

Is die Here by ons of nie? Natuurlik is Hy by ons. Die vraag is: Is ons (nog) by Hom?